# OFFICIAL GAZETTE

## OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c — Monday 2 July 1979 — WINDHOEK — Maandag 2 Julie 1979 — No. 3987


CONTENTS:


**GOVERNMENT NOTICES:**

No. 101 Closing of Farm Road 2494: District of Otjiwarongo ................................................

No. 102 Closing of District Road 1230 and Proclamation and Classification of a Road: Districts of Rehoboth, Mariental and Windhoek

No. 103 Notification of a Request that a Farm Road be Proclaimed: District of Otjiwarongo .............

No. 104 Notification of a Request that a Portion of Farm Road 1619 be Closed: District of Gobabis ....

No. 105 Notification of a Proposal that Farm Road 1528 be Closed: Magisterial District of Windhoek..

No. 106 Peri-Urban Development Board: Amendment of Regulations on the Removal of Night Soil, Refuse and Slopwater ...............................

**GENERAL NOTICE:**

No. 14 Municipality of Keetmanshoop: Electoral Expenses .....................................................

Advertisements:


INHOUD:


*Page/Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. 101 Sluiting van Plaaspad 2494: Distrik Otjiwarongo 296

No. 102 Sluiting van Distrikspad 1230 en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrikte Rehoboth, Mariental en Windhoek.............................. 296

No. 103 Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Geproklameer word: Distrik Otjiwarongo....... 297

No. 104 Bekendmaking van 'n Versoek vir die Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad 1619: Distrik Gobabis ................................................... 298

No. 105 Bekendmaking van 'n Voorstel vir die Sluiting van Plaaspad 1528:Landdrosdistrik Windhoek 299

No. 106 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Regulasies op Nagvuil-, Afval en Vuilwaterverwydering ............................................... 300

**ALGEMENE KENNISGEWING:**

No. 14 Munisipaliteit van Keetmanshoop: Verkiesingsuitgawes ................................................... 300

Advertensies: 303


# Government Notices

The following Government Notices are published for information.

J. F. GREEBE
*Secretary for South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek

# Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
*Sekretaris van Suiwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 101 2 July 1979

## CLOSING OF FARM ROAD 2494: DISTRICT OF OTJIWARONGO

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Otjiwarongo closed farm road 2494 which is indicated on sketch-map P 1017 and which is described in the Schedule hereto.

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

### SCHEDULE

*Description of road*

The road described as farm road 2494 in Schedule II of Proclamation 61 of 1954.

*Portion closed*

The whole.

---

No. 102 2 July 1979

## CLOSING OF DISTRICT ROAD 1230 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICTS OF REHOBOTH, MARIENTAL AND WINDHOEK

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the districts of Rehoboth, Mariental and Windhoek closed district road 1230, which is indicated on sketch-map P 966 as described in Schedule I hereto, and proclaimed a road which is indicated on sketch-map P 966, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a district road (number 1230).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

### SCHEDULE I

*Description of road*

The road described as district road 1230 in Schedule III of Proclamatioon 46 of 1954 and Schedule III of Proclamation 76 of 1966.

*Portion closed*

The whole.

No. 101 2 Julie 1979

## SLUITING VAN PLAASPAD 2494: DISTRIK OTJIWARONGO

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Otjiwarongo plaaspad 2494 wat aangetoon word op sketskaart P 1017 gesluit soos in die Bylae hieronder beskryf.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

### BYLAE

*Beskrywing van pad*

Die pad beskryf as plaaspad 2494 in Bylae II van Proklamasie 61 van 1954.

*Gedeelte gesluit*

Die hele.

---

No. 102 2 Julie 1979

## SLUITING VAN DISTRIKSPAD 1230 EN PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD: DISTRIKTE REHOBOTH, MARIENTAL EN WINDHOEK

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrikte Rehoboth, Mariental en Windhoek distrikspad 1230 wat aangetoon word op sketskaart P 966 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P 966 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot distrikspad (nommer 1230) verklaar.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

### BYLAE I

*Beskrywing van pad*

Die pad beskryf as distrikspad 1230 in Bylae III van Proklamasie 46 van 1954 en Bylae III van Proklamasie 76 van 1966.

*Gedeelte gesluit*

Die hele.

## SCHEDULE II

From a point (A on sketch-map P 966) on trunk road 1/4 on the farm Portion 5 of (Cons.) Tsumis 147 in the district of Rehoboth generally east-north-eastwards across the farms Portions 5, 6 and 7 of (Cons.) Tsumis 147 to a point (B on sketch-map P 966) on the last-mentioned farm; thence generally south-south-eastwards across the farms Portion 7 of (Cons.) Tsumis 147, Farm 701 and Portion 2 of Petrusdal 422 to a point (C on sketch-map P 966) on the last-mentioned farm; thence generally east-north-eastwards across the farms Portion 2 of Petrusdal 422, Railway Reserve 410 and Kubugas 421 to a point (D on sketch-map P 966) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm (Cons.) Wilderness 538 which is also the common boundary of the districts of Rehoboth and Mariental; thence continuing in the district of Mariental generally south-eastwards across the farms (Cons.) Wilderness 538 and Lekkerwater 145 to a point (O on sketch-map P 966) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards along the northern boundary of and across the farm Lekkerwater 145 to a point (E on sketch-map P 966) on the said farm; thence generally eastwards along the northern boundary of and across the farm Lekkerwater 145 to a point (J on sketch-map P 966) on the common boundary of the said farm and the farm Itaga 198; thence generally north-eastwards along the northern boundary of and across the farm Itaga 198 to a point (G on sketch-map P 966) on the common boundary of the farms Itaga 198 and Munyu 196; thence generally north-eastwards along the southern boundary of and across the farm Munyu 196 to a point (N on sketch-map P 966) on the said farm; thence generally northwards along the eastern boundary of and across the farm Munyu 196 to a point (M on sketch-map P 966) on the common boundary of the said farm and the farm Pokweni 197; thence generally northwards along the western boundary of and across the farm Pokweni 197 to a point (L on sketch-map P 966) on the said farm; thence generally north-eastwards across the farm Pokweni 197 to a point (K on sketch-map P 966) on the said farm; thence generally north-north-eastwards across the farm Pokweni 197 to a point (H on sketch-map P 966) on the common boundary of the said farm and the farm Cowdray 195 which is also the common boundary of the districts of Mariental and Windhoek; thence continuing in the district of Windhoek generally north-north-eastwards across the farm Cowdray 195 to a point (I on sketch-map P 966) on main road 46 on the said farm.

## BYLAE II

Van 'n punt (A op sketskaart P 966) op hoofpad 1/4 op die plaas Gedeelte 5 van (Gekons.) Tsumis 147 in die distrik Rehoboth algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Gedeeltes 5, 6 en 7 van (Gekons.) Tsumis 147 tot op 'n punt (B op sketskaart P966) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidsuidooswaarts oor die plase Gedeelte 7 van (Gekons.) Tsumis 147, Plaas 701 en Gedeelte 2 van Petrusdal 422 tot op 'n punt (C op sketskaart P 966) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Gedeelte 2 van Petrusdal 422, Spoorwegreserwe 410 en Kubugas 421 tot op 'n punt (D op sketskaart P 966) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas (Gekons.) Wilderness 538 wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Rehoboth en Mariental; van daar voortgaande in die distrik Mariental algemeen suidooswaarts oor die plase (Gekons.) Wilderness 538 en Lekkerwater 145 tot op 'n punt (O op sketskaart P 966) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts langs die noordelike grens van en oor die plaas Lekkerwater 145 tot op 'n punt (E op sketskaart P 966) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts langs die noordelike grens van en oor die plaas Lekkerwater 145 tot op 'n punt (J op sketskaart P 966) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Itaga 198; van daar algemeen noordooswaarts langs die noordelike grens van en oor die plaas Itaga 198 tot op 'n punt (G op sketskaart P 966) op die gemeenskaplike grens van die plase Itaga 198 en Munyu 196; van daar algemeen noordooswaarts langs die suidelike grens van en oor die plaas Munyu 196 tot op 'n punt (N op sketskaart P 966) op genoemde plaas; van daar algemeen noordwaarts langs die oostelike grens van en oor die plaas Munyu 196 tot op 'n punt (M op sketskaart P 966) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Pokweni 197; van daar algemeen noordwaarts langs die westelike grens van en oor die plaas Pokweni 197 tot op 'n punt (L op sketskaart P 966) op genoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Pokweni 197 tot op 'n punt (K op sketskaart P 966) op genoemde plaas; van daar algemeen noordnoordooswaarts oor die plaas Pokweni 197 tot op 'n punt (H op sketskaart P 966) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Cowdray 195 wat ook die gemeenskaplike grens is van die distrikte Mariental en Windhoek; van daar voortgaande in die distrik Windhoek algemeen noordnoordooswaarts oor die plaas Cowdray 195 tot op 'n punt (I op sketskaart P 966) op grootpad 46 op genoemde plaas.

No. 103 2 July 1979

## NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A FARM ROAD BE PROCLAIMED: DISTRICT OF OTJIWARONGO

Under section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Otjiwarongo requests

No. 103 2 Julie 1979

## BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK DAT 'N PLAASPAD GEPROKLAMEER WORD: DISTRIK OTJIWARONGO

Kragtens artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Otji-

that a road in the district of Otjiwarongo be proclaimed as described in the Schedule hereto and that it be recommended to the Executive Committee that the said road be declared a farm road.

A sketch-map (number P 930) of the area concerned and on which the road to which the request refers, and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Otjiwarongo.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 2 July 1979.

SCHEDULE

From a point ($J_1$ on sketch-map P 930) on farm road 2482 on the farm Okozongutu West 100 generally south-south-westwards across the said farm to a point ($E_1$ on sketch-map P 930) on district road 2404 on the said farm.

warongo versoek dat 'n pad in die distrik Otjiwarongo geproklameer word soos in die Bylae hieronder beskryf en dat by die Uitvoerende Komitee aanbeveel word om genoemde pad tot plaaspad te verklaar.

'n Sketskaart (nommer P 930) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek en die Paaiesuperintendent, Otjiwarongo, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 2 Julie 1979 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100, in te dien.

BYLAE

Van 'n punt ($J_1$ op sketskaart P 930) op plaaspad 2482 op die plaas Okozongutu West 100 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt ($E_1$ op sketskaart P 930) op distrikspad 2404 op genoemde plaas.

---

No. 104 2 July 1979

## NOTIFICATION OF A REQUEST THAT A PORTION OF FARM ROAD 1619 BE CLOSED: DISTRICT OF GOBABIS

Under section 17(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Roads Board of Gobabis requests that a portion of farm road 1619 be closed as described in the Schedule hereto.

A sketch-map (number P 1041) of the area concerned and on which the road to which the request refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder be available for inspection during normal office hours at the offices of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis.

Every person having any objection to the above request is hereby commanded to lodge his objection in writing with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 2 July 1979.

No. 104 2 Julie 1979

## BEKENDMAKING VAN 'N VERSOEK VIR DIE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 1619: DISTRIK GOBABIS

Kragtens artikel 17(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Padraad van Gobabis versoek dat 'n gedeelte van plaaspad 1619 gesluit word soos in die Bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P 1041) van die betrokke streek waarop die pad waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld, gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde versoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 2 Julie 1979 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100, in te dien.

## SCHEDULE

*Description of road*

The road described as farm road 1619 in Schedule I of Proclamation 31 of 1954, Schedule I of Proclamation 7 of 1960 and Schedule I of Proclamation 47 of 1960.

*Portion to be closed*

From a point (F on sketch-map P 1041) on farm road 1619 on the farm Wesselsput Oos 758 generally east-south-eastwards across the farms Wesselsput Oos 758, Moedhoop 655 and Audax 978 to a point (C on sketch-map P 1041) on main road 58 on the last-mentioned farm.

## BYLAE

*Beskrywing van pad*

Die pad beskryf as plaaspad 1619 in Bylae I van Proklamasie 31 van 1954, Bylae I van Proklamasie 7 van 1960 en Bylae I van Proklamasie 47 van 1960.

*Gedeelte wat gesluit moet word*

Van 'n punt (F op sketskaart P 1041) op plaaspad 1619 op die plaas Wesselsput Oos 758 algemeen oossuidooswaarts oor die plase Wesselsput Oos 758, Moedhoop 655 en Audax 978 tot op 'n punt (C op sketskaart P 1041) op grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

---

No. 105 2 July 1979

## NOTIFICATION OF A PROPOSAL THAT FARM ROAD 1528 BE CLOSED: MAGISTERIAL DISTRICT OF WINDHOEK

Under section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Director of Roads proposes that farm road 1528 be closed as described in the Schedule hereto.

A sketch-map (number P 1039) of the area concerned and on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private road in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder, be available for inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek, and the Roads Superintendent, Windhoek.

Every person having any objection to the above proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 13186, Windhoek 9100, within thirty days of 2 July 1979.

## SCHEDULE

*Description of road*

The road described as farm road 1528 in Schedules I and II of Government Notice 40 of 1975.

*Portion to be closed*

From a point (A on sketch-map P 1039) on the farm Portion 42 of Nubuamis 37 generally east-north-eastwards and situated on a registered servitude of a right of way across the farms Portions 42, 43 and 44 of

No. 105 2 Julie 1979

## BEKENDMAKING VAN 'N VOORSTEL VIR DIE SLUITING VAN PLAASPAD 1528: LANDDROSDISTRIK WINDHOEK

Kragtens artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Direkteur van Paaie voorstel dat plaaspad 1528 gesluit word soos in die Bylae hieronder beskryf.

'n Sketskaart (nommer P 1039) van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaat paaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Direkteur van Paaie, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Windhoek, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 2 Julie 1979 by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 13186, Windhoek 9100, in te dien.

## BYLAE

*Beskrywing van pad*

Die pad beskryf as plaaspad 1528 in Bylaes I en II van Goewermentskennisgewing 40 van 1975.

*Gedeelte wat gesluit moet word*

Van 'n punt (A op sketskaart P 1039) op die plaas Gedeelte 42 van Nubuamis 37 algemeen oosnoordooswaarts en geleë op 'n geregistreerde serwituut van 'n reg van weg oor die plase Gedeeltes 42, 43 en 44 van

Nubuamis 37 to a point (B on sketch-map P 1039) on the last-mentioned farm; thence generally south-eastwards and situated on a registered servitude of a right of way across the farm Portion 44 of Nubuamis 37 to a point (C on sketch-map P 1039) on the common boundary of the farms Portions 44 and 13 of Nubuamis 37; thence generally south-eastwards across the farm Portion 13 of Nubuamis 37 to a point (D on sketch-map P 1039) on district road 1491 near the eastern boundary of the last-mentioned farm.

Nubuamis 37 tot op 'n punt (B op sketskaart P 1039) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts en geleë op 'n geregistreerde serwituut van reg van weg oor die plaas Gedeelte 44 van Nubuamis 37 tot op 'n punt (C op sketskaart P 1039) op die gemeenskaplike grens van die plase Gedeeltes 44 en 13 van Nubuamis 37; van daar algemeen suidooswaarts oor die plaas Gedeelte 13 van Nubuamis 37 tot op 'n punt (D op sketskaart P 1039) op distrikspad 1491 naby die oostelike grens van laasgenoemde plaas.

---

No. 106 2 July 1979

### PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: AMENDMENT OF REGULATIONS ON THE REMOVAL OF NIGHT SOIL, REFUSE AND SLOPWATER

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 137 of 1972, as amended by Government Notice 35 and 63 of 1973, 193 of 1974, 258 of 1975, 173, 230, 261, 358 and 391 of 1976, 57, 87 and 332 of 1977, 178 of 1978 and 88 of 1979.

1. Substitute the following for tariff 3(e) of Schedule A;

   "(e) Special refuse removal services:
   Per load or part of a load R7,00."

2. This amendment shall be deemed to have come into effect on 1 June 1979.

No. 106 2 Julie 1979

### RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: WYSIGING VAN REGULASIES OP NAGVUIL-, AFVAL EN VUILWATERVERWYDERING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 137 van 1972, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 35 en 63 van 1973, 193 van 1974, 258 van 1975, 173, 230, 261, 358 en 391 van 1976, 57, 87 en 332 van 1977, 178 van 1978 en 88 van 1979.

1. Vervang tarief 3(e) van Bylae A deur die volgende:

   "(e) Spesiale afvalverwyderingsdiens:
   Per vrag of gedeelte van 'n vrag R7,00."

2. Hierdie wysiging word geag op 1 Junie 1979 in werking te getree het.

## GENERAL NOTICE

(No. 14 of 1979)

### MUNICIPALITY OF KEETMAHSOOP: ELECTORAL EXPENSES

NOTICE NO. 1/79

Notice is hereby given in terms of Section 86(a) of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) that the under-mentioned returns of electoral expenditures as incurred by candidates at the extraordinary election of a councillor held on 15 May 1979 have been filed with me and will lie for inspection by die public at the under-mentioned address for a period of three months.

The expenditures are arranged under the heads of Section 81 of the said Ordinance.

## ALGEMENE KENNISGEWING

(No. 14 van 1979)

### MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP: VERKIESINGSUITGAWES

KENNISGEWING NR 1/79

Kenis geskied hermee ingevolge Artikel 86(a) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) dat die onderstaande opgawes van verkiesingsuitgawes van kandidate by die buitengewone verkiesing van 'n raadslid gehou op 15 Mei 1979, by my ingedien is en vir 'n tydperk van drie maande ter insae van die publiek sal lê by onderstaande adres.

Die uitgawes word gerangskik onder die hoofde van Artikel 81 van bedoelde Ordonnansie.

| CANDIDATES | EXPENDITURES |
|---|---|
| 1. Du Toit, Daniel Casparus | (a)-(k): Nil |
| 2. Plichta, Hermann Otto | (a)-(k): Nil |
| 3. Van Schalkwyk, Hendrik Cornelius Hugo | (a)-(k): Nil |

I. A. McDONALD
*Returning Officer*
Municipal Office
Private Bag 2125
KEETMANSHOOP
9020
7 June 1979

| KANDIDATE | UITGAWE |
|---|---|
| 1. Du Toit, Daniel Casparus | (a)-(k): Nul |
| 2. Plichta, Hermann Otto | (a)-(k): Nul |
| 3. Van Schalkwyk, Hendrik Cornelius Hugo | (a)-(k): Nul |

I. A. McADONALD
Kiesbeampte
Munisipale Kantore
Privaatsak 2125
KEETMANSHOOP
9020
7 Junie 1979

# Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of

# Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUID-WES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens

any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R3,25 |
| 2. Sale in execution — Supreme Court | R5,20 |

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R3,25 |
| 2. Regsveilings — Hooggeregshof | R5,20 |

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

The under-mentioned applications for Public Road Carrier Permits indicate (1) reference number and the area within which the proposed road transport will be undertaken, (2) name of applicant and nature of application, (3) number and type of vehicles, (4) nature of proposed road transportation, and (5) points between and routes over or area within which the proposed road transportation is to be effected or published in terms of section 14(1) of Act 74 of 1977 : Road Transportation Act, 1977. Representations or information in respect of the applications which interested parties wish to make must comply with the provisions of regulation 4(1) of the Road Transportation Regulations, 1977 and must be submitted in quadruplicate in respect of each application.

Die onderstaande aansoeke om Openbare Padvervoerpermitte, met aanduiding van (1) verwysingsnommer en gebied waar die beoogde vervoer onderneem sal word, (2) naam van applikant en aard van aansoek, (3) getal en tipe voertuie, (4) aard van beoogde padvervoer, en (5) plekke waartussen en roetes waaroor of gebied(e) waarin die beoogde padvervoer sal plaasvind, word kragtens die bepalings van artikel 14(1) van Wet 74 van 1977 : Wet op Padvervoer, 1977 gepubliseer. Vertoë of inligting in verband met die aansoeke wat belanghebbendes aan die raad wil rig moet aan die bepalings van regulasie 4(1)van die Padvervoerregulasies, 1977 voldoen en moet in viervoud ten opsigte van elke aansoek ingedien word.

790226 OP 866 — WINDHOEK (2) J. J. Ferreira — Windhoek; Aansoek om bykomende voertuie, wysiging van roete, wysiging Blankes te mag vervoer asook verhoging van tariewe (3) Sewe bestaande busse asook agt busse aangekoop te word. (4) Blanke, Bantoe en Kleurling persone. (5) Oor busroetes binne Windhoek munisipale gebied soos deur die munisipaliteit bepaal en tesame met die tydtafels ter insae by die kantoor van die Plaaslike Padvervoerraad, Kamer 306, Carl List Haus, Windhoek beskikbaar is.

*Tariewe:* R0,30 tot R0,40 per persoon per enkel rit soos deur die raad bepaal sal word.

---

NOTICE OF TRANSFER OF LICENCE

Be pleased to take notice that application will be made at the next sitting of the licensing Court for the transfer of the Wholesale General Dealer's Licence from FRIEDRICH ADOLPH JACOBI PRINS who traded in partnership under the name and style of FRICTION & FILTER SYSTEMS at Erf 2766, Feld Street, Swakopmund, to FRICTION & FILTER SYSTEMS (PTY) LIMITED who will carry on business at the same premises.

DATED AT WINDHOEK ON THIS, THE 8TH DAY OF JUNE 1979.

H. J. VAN BILJON & CO
Applicant's Attorneys
6th Floor Craigmyle Bldg
Kaiser Street
WINDHOEK

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik van Windhoek gehou te Windhoek vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur Alfons Böck wat handel dryf as A. Böck Watch-maker and Jeweller, te 197 Kaiser Straat, Windhoek, Erf 220, Windhoek, aan Armin Böck van dieselfde plek onder dieselfde naam en styl sal handel dryf vir sy eie rekening.

GEDATEER TE WINDHOEK HIERDIE 6DE DAG VAN JUNIE, 1979.

A. VAATZ
210 SWA Building Soc. Gebou
Post Straat
WINDHOEK

---

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee dat, veertien dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Tsumeb vir die oordrag van die Algemene Handelaars- en Restaurantlisensie, spuit en minerale- en varsprodukte lisensies, tans gehou deur Maria Aletta Da Silva, wie handel gedrywe het onder die handelsnaam van ANGOLA RESTAURANT, aan JULIO DO ROSARIO LUIS, wie handel sal drywe onder die handelsnaam van ANGOLA RESTAURANT op Gedeelte 11 van Farm Town Nr. 103, geleë in die Munisipaliteit en distrik van Tsumeb.

GEDATEER TE TSUMEB HIERDIE 15DE DAG VAN JUNIE 1979.

MICHAU & GERTENBACH
Hoofstraat
Posbus 259
TSUMEB.

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die Distrik Okahandja gehou te Okahandja vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur Willem Morkel Steyn wat handel dryf as Hidropompe (Edms) Bpk te erf 483 Okahandja aan Willem Morkel Steyn op dieselfde plek onder die naam OKAHANDJA PLASTIEK (EDMS) BPK, wie handel sal dryf vir sy eie rekning.

GEDATEER TE OKAHANDJA HIERDIE 22STE DAG VAN JUNIE 1979.

W. M. STEYN
Posbus 134
OKAHANDJA
9150

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

Geliewe kennis te neem dat daar by die volgende kwartaallikse sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die distrik van Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Restaurant, Minerale Water en Tabak by kleinmaat handellaarslisensie, tans gehou deur NATASHA NADE REICHENBÄCK wie handel dryf te erf 678, 7de straat, Walvisbaai, onder die naam en styl van LUCULLUS, na MANUEL DULCILIO GOMES RAMOS en MARIO AUGUSTO RODRIGUES MONTEIRO wie op dieselfde perseel onder dieselfde naam en styl sal sake doen vir eie rekening.

C. L. DE JAGER & VAN NIEKERK
Prokureurs vir die Applikant
Posbus 224
WALVISBAAI
9190

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat veertien (14) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensie Hof vir die distrik van Okahandja gehou te Okahandja vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie tans gehou deur K. H. BONAT ten opsigte van Erf 55, Okahandja wie Handeldryf as "Salon Bonat" aan Rose-Marie Louw wie voortaan sake sal doen op die selfde erf as "Salon Bianca" vir haar eie rekening.

GEDATEER TE WINDHOEK OP HEDE DIE 12DE DAG VAN JUNIE, 1979

R. OLIVIER & KIE
Prokureurs,
Atlantis Gebou,
Moltkestraat,
Posbus 2198,
WINDHOEK.
9100

## LOST LIFE ASSURANCE POLICIES
(Section 64 of the Insurance Act, Act No. 27 of 1943, as amended)

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of the policies mentioned below has been submitted to the Assurer, and any person in possession of any of these policies, or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the Assurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contract) will be issued to the owners in terms of the regulations framed under the Act.

## VERLORE LEWENSVERSEKERINGSPOLISSE
(Artikel 64 van die Versekeringswet, Wet No. 27 van 1943, soos gewysig)

Kennis geskied hiermee dat bewys van die verlies of vernietiging van die polisse hieronder vermeld, aan die Versekeraar gelewer is, en enige persoon wat in besit van enige van hierdie polisse is, of aanspraak daarop maak dat hy belang daarby het, moet onmiddellik per aangetekende pos met die Versekeraar in verbinding tree. By gebreke aan sodanige mededeling sal gewaarmerkte afskrifte van die polisse (wat die enigste bewys van die kontrak sal wees aan die eienaars ingevolge die regulasies gepromulgeer kragtens die Wet uitgereik word.

| Polisnommer<br>Policy Number | Datum van polis<br>Date of policy | Versekerde bedrag<br>Sum assured | Versekerde Lewe<br>Life Assured | Eienaar, indien nie die Versekerde Lewe nie.<br>Owner if other than Life Assured.' |
|---|---|---|---|---|
| 6048131 | 1.10.76 | R10 000 | C.A.A.A. MOSICH | |
| 6123885 | 1.6.1978 | R10 000 | M. H. DE KOCK | |

Name and address of Assurer: AFRICAN EAGLE LIFE ASSURANCE SOCIETY LTD. P.O. BOX 1114 JOHANNESBURG 2000

Naam en adres van Versekeraar: AFRICAN EAGLE-LEWENSVERSEKERINGSGENOOTSKAP BEPERK POSBUS 1114 JOHANNESBURG 2000

## KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN LISENSIE

Geliewe kennis te neem dat daar by die volgende kwartaallikse sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die distrik van Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie (beperk om voedselware uit te sluit) tans gehou deur M. STEYN wie handel dryf te erf 1300, WALVISBAAI, onder die naam en styl van THE BEAUTY SPOT, na ELEONORE MARGARETE LUISE VON GERLACH wie vir eie rekening sake sal doen op dieselfde perseel onder dieselfde naam en styl.

C. L. DE JAGER & VAN NIEKERK
Prokureurs vir die Applikant
Posbus 224
WALVISBAAI
9190

## R. H. MORRIS (S.W.A.) (PTY) LIMITED IN VOLUNTARY LIQUIDATION

Notice is hereby given that the company has passed a special resolution on 11 June 1979 for its voluntary winding up by its members and for the appointment of Trevor Richard Franklin as liquidator, he being exempt from furnishing security to the Master of the Supreme Court.

COOPERS & LYBRAND,
P. O. Box 2536,
JOHANNESBURG
2000.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika